STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

**Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.**

20 MEI 2018

# GEMEENTEBULLETIN

**OGGENDDIENSTE**

**Pinksterfees**
Pinkster en Passie
Handelinge 4

**GESINSDIENS**
God se Gees gee ons ander tale!
Handelinge 2:1-21

**JEUGDIENS**
Vergewe of vergiftig?
Jeremia 31:33-34

**KRUISDIENS**
Wat verkondig Pinkster?
Handelinge 2

**DEUROFFER**
Stellenberg-medewerkers

## EREDIENSTE

| | | | 20 Mei | | 27 Mei | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Visagie | 1 | Ds. Duvenhage | 3 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. De Ridder | 8 | Ds. Breytenbach | 9 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Philipp Dietmann | - | Philipp Dietmann | - |
| 09:00 | Grootsaal | Klouterkerk | Geen diens | - | Brenda Visser | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Ds. Kotze | - | Ds. Kotze | - |
| 19:00 | Kapel | Kruisdiens | Ds. Breytenbach | 13 | Ds. Duvenhage | 11 |

## PANNEKOEKVERKOPING 20 MEI

Ter viering van die Pinksterfees verkoop die Seniorbediening vanoggend pannekoek in die Markplein. Kaneelsuiker- en gevulde pannekoeke sal verkoop word. 1500 pannekoeke is reeds gereed. Ondersteun hulle asseblief.

## NIE-BEDERFBARE KOS

Daar is steeds 'n groot behoefte aan nie-bederfbare kosprodukte. Maak asseblief 'n bydrae deur enige produkte soos koffie, tee, langlewe melk, suiker, blikkieskos, meel, pasta, rys, ens. bo op die wit kas onder die trap in die voorportaal van die kerk te plaas.

## SONDAG 27 MEI KOEKVERKOPING

Die Junior kategesegroep bied op Sondag 27 Mei 'n koekverkoping met koek, tert en geroosterde toebroodjies by die kafeteria aan. Fondse word ingesamel vir die gemeenskap van Williston wat weens die ernstige droogte baie swaar kry. Ondersteuning sal waardeer word.

# [ ONS GLO . . . ]

## JEUGDAGBOEK

- JEUGDIENS: begin 18:00 met kleingroepe wat daaruit vloei.
- SENIOR KLEINGROEPLEIERS: ontmoet om 17:30.
- ANNIBRAND KLEINGROEPE: vir jong volwassenes kom op Woensdae 18:30 bymekaar, kontak jeugkantoor vir meer info.
- BLISS groep vir jong volwassenes kom Sondae 16:45 bymekaar, met selgroepe Woensdae aande 18:30, kontak jeugkantoor vir meer info.
- JEUGPINKSTER: Baie dankie aan almal wat by ons drie pinksterreekse betrokke was. Jou hulp word opreg waardeer.
- VUUR-EN-VLAM-KONFERENSIE: 26 Mei
- BELYDENISAFLEGGING: 27 Mei - aansoekvorms jeugkantoor.
- DELFT-UITREIK: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.
- UITREIKE: Alle info is op www.stellenberg.co.za / jeugapp

## BORG-'N-BERSIE-PROJEK

Ons wil baie graag 3000 kombersies vir die jeuguitreike tydens die Julie skoolvakansie insamel. Help ons asseblief om dié droom te verwesenlik deur 'n bydrae ter waarde van R20 / R50 / R100 te maak. Doen 'n EFT-inbetaling na: ABSA Spaarrekening, Jeugbediening, 928 759 2857, takkode 632005. Gebruik "Bersie" as verwysing. Jy kan ook 'n kombersie skenk en in die Borg-'n-bersie-krat plaas.

## KOSPROJEK INSAMELING

Die datum vir die maand se insameling is 29 Mei. Gee asb. bydraes vir die kosprojek by die kerkkantoor af, of plaas Sondae in die wit kas onder die trap in die voorportaal van die kerk. Kontant-bydraes vir die aankoop van kos is ook baie welkom. EFT betalings kan gedoen word na: NG Kerk Stellenberg, ABSA, Tjekrekening 145 058 0011, Takkode 632005. Gebruik "kosprojek" as verwysing.

### KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1: Kleinsaal

Graad 2 & 3: Grootsaal

Graad 4: Bo-vertrek

Graad 5 - 6: Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

Graad 8: Kerk

Graad 9: Grootsaal

Graad 10: Jeuglokaal

Graad 11: Kleinsaal

### BREIGROEP

Die breigroep ontmoet weer op 11 Junie om 09:30 in die Markplein. Bring asseblief al jou klaar gebreide artikels vir die uitreike saam. Ons wil graag 'n foto neem.

### EDELWEISS BAK PANNEKOEK

Op Vrydag 25 Mei, bestellings kan by mev Bosman geplaas word nie later as die 23 Mei om 14:00 nie.

Skakel: 021 976 1150

## SPREEKKAMER TE HUUR

Die Stellenberg Ondersteuningsentrum het spreekkamer ruimte te huur vir 'n Kliniese Sielkundige wat spesialiseer in spelterapie en evaluering van kinders. Kontak Rudolph van Schoor 082 854 4530.

## VATVYF

Ons gaan 'n oggend saam met die geliefde Min Shaw by D' Aria geniet. Dinsdag 22 Mei vanaf 10:00. Die bus vertrek 09:30.

Besprekings het ongelukkig reeds gesluit. Dié byeenkoms vervang die geskeduleerde byeenkoms van 23 Mei.

## BYBELSTUDIEREEKS OOR ESTER

Na die geslaagde Daniël-kursus, word 'n 9-weke-kursus op Maandagaande vanaf 19:00 tot 20:15 oor die Bybelboek Ester beplan. Die kursus begin op 4 Junie in die kapel met drie byeenkomste in Juniemaand en die res sal in die derde kwartaal plaasvind. Beth Moore is die skrywer van die reeks en die kursus word aan die hand van DVD's en 'n Bybelstudiegids aangebied. Die kursus is gratis, maar die handleiding kos R220. Indien jy belangstel om in te skakel, of meer inligting wil hê, kontak vir Riëtte (fasiliteerder) by 076 637 9671. Ons wil teen 25 Mei die getalle finaliseer en die handleidings aankoop.

## HUWELIKSKURSUS DEUR NGK D'VILLE

Ds. Tinus van Zyl en verkeie ander aanbieders bied 'n kursus vir paartjies wat beplan om te trou of onlangs getrou het aan. Die kursus strek oor vyf weke en begin op Woensdag 23 Mei om 19:00 by De Oude Caab gastehuis in Kerkstraat, Durbanville. Bespreek jou plek by Alrina, ontvangs@durbanvillegemeente.co.za / 021 975 6370. Koste R125 per persoon vir 'n persoonlikheidstoets.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

24 Mei om 15:00 en 15: 45 uit

Handelinge 7:54–8: 3 Stefanus se laaste woorde en minute . . .

### HUISBYEENKOMS

Sondag 27 Mei om 18:00 uit Handelinge 7:1–19 God gee soveel wat ons kan aangee . . .

### KLOUTERKERK

Gesinne met kleuters en babas word weer uitgenooi na die Klouterkerkbyeenkoms op Sondag 27 Mei om 09:00 in die grootsaal. Die jongspan is ook baie welkom by hierdie informele erediens.

## NUWE LERAAR

Die pre-advies komitee het op Maandag 7 Mei onderhoude met vier kandidate op die kortlys gevoer. Hulle sal die nodige aanbevelings aan die kerkraad deurgee wat op 23 Mei tydens hulle vergadering 'n beroep sal uitbring. Doen asb. voorbidding vir die belangrike besluit wat die kerkraad Woensdagaand moet neem.

## VAKATURE NG KERK KENRIDGE

Die NG Kerk Kenridge het tans 'n vakature vir 'n operasionele bestuurder. Die hantering van sekuriteit, aankope, die bestuur van fasiliteite, ens. is deel van die pligstaat. Aansoeke kan skriftelik voor 31 Mei aan bestuurder@ngkenridge.co.za gestuur word. Die volledige pligstaat kan by karin@stellenberg.co.za aangevra word.

## SOPBYDRAES TYDENS PINKSTER

Hartlik dankie aan elke lidmaat wat bygedra het tot die sop wat na die Plnksterdienste bedien is. Ons het ongeveer 50 liter sop per aand bedien. 'n Spesiale dank ook aan Christine Morsbach wat die sopbediening oorhoofs oorsien het.

## ONS KORT STEEDS HELPERS

- **Eredienswerkers:** Ons benodig steeds lidmate se hulp om op rotasiebasis as eredienswerkers by ons onderskeie eredienste op te tree. Dit behels die verwelkoming van lidmate en die opneem van kollekte. Kontak Odette by Odette@stellenberg.co.za om hulp aan te bied.
- **Kafeteria:** Indien jy bereid is om een of twee keer per kwartaal met 'n diensbeurt by die kafeteria te help, kontak asb. vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za. Jy sal eetgoed en drinkgoed bedien, maar hoef nie skottelgoed te was nie.
- **Sekuriteit:** Indien jy bereid is om behulpsaam te wees met die oppas van motors tydens eredienste, kontak vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za

### GEBEDSGROEPE

Maandag om 09:15 - Vrouebiduur in die gebedskamer.

Dinsdag om 19:00 - Gebedsbyeenkoms in die kapel.

Donderdae om 06:00 - Gebedsbyeenkoms vir mans in markplein.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za